**Jac. J. du Toit!**

Die studente kleremaker nooi u om die nuwe voorraad stoffasie te kom besigtig en u keuse te doen.

Studente kleurbaadjies kan u hier kry.

**Op hoek van Van Reyneveldstraat en Pleinstraat.**

DIE
# MATIE

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL I, No. 6. VRYDAG, 5 SEPT. 1941. PRYS 1d.

**VILJOEN**

se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.

**FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.**

Alles teen die billikste terme.

**Onthou— Net langs Suikerbossie.**

# R.D.B. Bedrywig op Stellenbosch.

## STUDENTEWINKEL WORD IN VOORUITSIG GESTEL.

### Onvermoeide Ywer van Prof. Schumann.

**Op 29 September, die openingsdag van die Reddingsdaadweek, word „Ons Eie Winkel" moontlik reeds geopen in die nuwe C.S.V.-gebou, danksy die onvermoeide ywer van prof. dr. Schumann e.a. Hierdie studentewinkel sal in die behoeftes van die studente voorsien en terselfdertyd aan die gemeenskap die voordele van sy eie koopkrag verskaf.**

Vir jare reeds is daar gespekuleer oor die moontlikheid van die oprigting van so 'n studentewinkel op Stellenbosch. Die saak is onlangs deur verskillende studente aanhangig gemaak by prof. dr. Schumann, wat toe o.a. op die skriftelike versoek van die Uitvoerende Komitee van die S.V.R. die saak ondersoek het. Dit is deur hom voorgelê aan die Direksie van Federale Volksbeleggings wat op die saak ingegaan het.

BESLUITE VAN FEDERALE V.B.

Hulle het besluit dat daar sal oorgegaan word tot die oprigting van 'n studentewinkel vir mansklerasie en sportbenodigdhede. Dit sal 'n private maatskappy uitmaak met 'n nominale kapitaal van £5,000 en 'n ingeskrewe kapitaal van £3,000, waarvan £1,000, 5½% kumulatief preferente aandele en £2,000 gewone aandele sal uitmaak met 'n maksimum dividend van 8%. Die helfte van die aandele sal aan die publiek verkoop word en omtrent 20 tot 50 aandele aan studente, wat daarvoor aansoek kan doen by prof. Schumann.

STUDENTEFONDS

Alle winste bo 8 %, nadat voorsiening gemaak is vir 'n reserwefonds, sal oorgedra word aan 'n studentefonds. Oor die latere beheer en beskikking van die studentefonds sal in die toekoms besluit word.

Die direkteure sal o.a. waarskynlik wees prof. Schumann, oom Pietie le Roux en prof. W. Pretorius.

Vir die eerste drie maande sal alleen vir kontant en saamdra verkoop word om onnodige onkoste en risiko's te vermy.

Hier is uiteindelik vir studente 'n eie winkel, 'n tasbare vooruitsig. Laat ons met ywer ons koopkrag van die eerste dag af ingooi en 'n sukses maak van ons eie onderneming — „Ons Eie Winkel."

## Stellenbosch Presteer op Kaapstadse Eisteddfod

Die Maties het op 30 Augustus weer hul Alma Mater se naam hoog gehou. In die Ope Klasse vir Voordrag op die Kaapstadse Eisteddfod het die volgende persone pryse weggedra:

**Lieries:** 1e Prys, Marie Stegmann en Anna du Preez, 87%. 2e Prys, Miemie de Bruyn, 86%.

**Drama:** 1e Prys, Miemie de Bruyn, 91%. 2e Prys, Marie Stegmann, 90%. 3e Prys, Ria Botha, 88%.

**Bybel:** 1e Prys, Marie Stegmann, 82%. 2e Prys, Anna du Preez, 80%. 3e Prys, Miemie de Bruyn, 79%.

**Lees:** 1e Prys, Miemie de Bruyn, 88%. 2e Prys, Marie Stegmann en Konstant de Vos, 84%. 3e Prys, E. van Heerden, 82%.

In die afdeling Here Ope, Liriers, Drama en Bybel het mnr. E. van Heerden en Konstant de Vos al die eerste en 2e pryse behaal.

Al hierdie studente is van die Conservatorium vir Musiek.

Hartlik geluk!!

## Geluk, Pierewieters!

Die Jan - Pierewietgeselskap het op die Afrikaanse Eisteddfod verlede Vrydag 'n eerste prys verower in die afdeling Volkspele, en 'n spesiale prys in die afdeling Volksdanse.

Namens die A.N.S.-tak en ons studentegemeenskap in die algemeen, wens ons hiermee ons Geselskap baie hartlik geluk met hul prestasie.

## Die Fort Hare-Geskil.

### Waarom Stellenbosch Nog Swyg.

**„Indien U.K. en U.Wits. volhard in die standpunt wat hulle ingeneem het t.o.v. die segregasie-kwessie, kan daar vir Stellenbosch net so min twyfel bestaan oor wat hul optrede gaan wees as wat daar vir Pretoria, P.U.K. en U.K.O.V.S. was," is die standpunt van die voorstellers van die mosie wat Maandag op die Monstervergadering voorlopig teruggetrek is.**

„Op die oomblik is daar egter 'n paar oorwegings wat dit wenslik maak dat ons nie dadelik sal optree nie. In die eerste plaas wil dit voorkom asof Wits. die protes-nota van ons S.V.R. nie ontvang het nie, en hoewel ons nie mag huiwer om ons steun aan die Afrikaanse universiteite in die Noorde toe te sê nie, sal die S.V.R., met die oog op die toekoms, die paadjie vir ons skoon hou deur eers ons standpunt aan Wits. sterk te stel.

„Wat vir ons in die Suide egter van nog groter belang is, is die feit dat daar by U.K. binnekort 'n stembus gehou word oor die saak. Dit is heeltemal moontlik dat die Afrikanerstandpunt dan gaan seëvier, aangesien dit algemeen gevoel word dat die monstervergadering se besluit nie verteenwoordigend was van die opinie van die studente van U.K. nie.

„In elke geval wat ons moreel verplig om weer te probeer onderhandel nadat die A.N.S.-tak van U.K. deur 'n persverklaring indirek 'n beroep op Stellenbosch gedoen het om te onderhandel.

„U.K. en Wits. sal nou ten enemale moet kies tussen samewerking met die Afrikaanse universiteit en samewerking met Fort Hare. Op hierdie kernbeginsel mag ons geen kompromie tref nie.

„Miskien is Stellenbosch nou weer getrou aan sy tradisie van versigtig en flou te wees in vergelyking met die Noorde; hierdie stap plaas egter 'n des te groter verantwoordelikheid op U. K. en Wits, en maak ons posisie op die end soveel sterker.

„Soos altyd staan Stellenbosch saam met die Afrikaanse minderhede aan U.K. en Wits, en ons hoop dat hierdie optrede hul oorwinning sal bespoedig."

## Grootste Kermis in Jongste Tyd.

Daar is min bewegings onder ons wat in so 'n kort tydjie na hul totstandkoming soveel daardwerklike ondernemingsgees aan die dag gelê het as die Reddingsdaadbond.

'n Mens hoef ook nie vêr te gaan soek na voorbeelde nie, want Stellenbosch self sal binnekort die toneel wees van een van die lewendigste en mees-uitgebreide gebeurtenisse wat ons land nog gesien het, — Reddingsdaadweek — onder leiding van Oom Pietie le Roux, prof. C. G. W. Schumann en die plaaslike R.d.b.-bestuur, met prof. J. G. Meiring as hoofprogramleier.

Oor die hoe en die waar sal later meer bekend gemaak word, maar voorlopig is dit genoeg om te sê dat ons fondse gaan insamel vir die Reddingsdaad, en dat Matielanders beswaarlik die saak kan misloop! Só wat het ons nog nooit belewe nie: 'n week van optogte, uitvoerings, uitstallings, kuns- en blommetentoonstellings, opvoerings, konserte, volkspele, ens., ens., — 'n feestelikheid sonder weerga.

EN WAT DAARVAN?

Net dit: Duisende besoekers word van elders verwag, en ons wil 'n beroep doen op elkeen en almal om die eerskomende kort vakansie op Stellenbosch te bly en die saak te ondersteun. So 'n geleentheid kom maar eenmaal in 'n leeftyd!

*Nooi u vriende, geniet die vakansie op Stellenbosch en ondersteun die*

REDDINGSDAADWEEK!

**MATIES!**

Hier is nuus — U EIE UNIVERSITEIT SE WAPEN is nou verkrygbaar soos goedgekeur deur die Senaat van die Universiteit en word aangebied deur

**Stabilis Agentskappe en Beleggings-Maatskappy**

**Groote Kerkgebou 314, Bus 1527, KAAPSTAD.**

Teen die volgende pryse

£1-5-0 aan huidige studente.

£1-10-0 aan oudstudente en docente.

6/- per wapen word afgestaan vir die voorgestelde ingenieursfakulteit.

Plaasbestellings by

Dick Terblanche, p/a. mev. Woodbourne, Joubertstraat, Stellenbosch.

**Suikerbossie Melksalon.**

HOOFKWARTIER van GESONDHEID

Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.

Onder persoonlike toesig van

**OOM HUGO.**

**Gebroeders De Wet**

(EIENS.) BPK.

ALGEMENE HANDELAARS, SPORT-UITRUSTERS EN PRAKTIESE SNYERS

met 'n bestaan van byna 50 jaar.

Ons sorg vir al u benodighede. Ons waarborg 20/- in die £ se waarde met goeie behandeling en volkome tevredenheid.

*Onthou die Ou Adres.*

**Gebrs. De Wet (Eiens.) Bpk.**

h/v. Kerk- en Birdstraat.

STELLENBOSCH.

Posbus 21. Foon 20.

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

Maak gebruik van Ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

**Joerning en Seun**

(Eiens.) Bpk.,

Hoek Bird- en Pleinstraat,

STELLENBOSCH.

**Alfred Blommaert,**

(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

DAMES

Wat ons nie het nie,
kry ons.
Wat ons nie kan kry nie,
maak ons.

*PROBEER*

**TANT MITA**

se

**MODE WINKEL**

**LUBBE**

se nuwe moderne

**SKOENHOSPITAAL**

waar alle herstelwerk netjies en gou gedoen word.

Van Reyneveldstraat,
STELLENBOSCH.

*Melk is goed vir almal.*
**Plaas u bestellings by die**

**Beltana Melkery**
*FOON 123,*
of by die depots
*Die Eike Cafe*
of
*14 Birdstraat,*
FOON 155.
*Eienaar:* DANIE JOUBERT.

**PLAZA**

Foon 0013.

BETTE
DAVIS

speel beter as in
„THE OLD MAID"
in haar nuwe triomf
THE GREAT LIE

Dond., Vryd., Sat.,
11, 12 en 13 Sept.



## DIE MATIE.

Deel I. 5 Sept. 1941. No. 6.

Redakteur: W. A. Joubert.
Nuusredakteur: Tobie J. Louw.
Subredakteurs: P. A. Theron, J. R. Pauw, M. A. Hough, J. B. Willers.
Sportredakteur: Pierre de Wet.
Damessport: Ina Michau.
Verenigings: Gerjo v. d. Merwe, Kota Smit.
Sosiaal en Algemeen: Marie Heyns.
Proewe: Jannie van Vuuren, Daan Maartens.
Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.
Advertensies: J. van Graan, Fanie v. d. Merwe.
Sirkulasie: Jos. Theron.


## ONS ERE-PRESIDENT.

### Dr. J. F. J. van Rensburg.

*„Het daghet in het oosten,*
*Het daghet overal."*

Treffend, vol ryke suggestie, teken Potgieter die beeld van die ewige jeug in die seun wat hy op 'n wandeling in die duine onverwags ontmoet, waar hy op die kop van 'n hoë sandheuwel lê en uitkyk oor die see, „de blonde haren in den wind wuivende; de groote oogen op het verschiet gevestigd; een jongen, wien geen enkel voorwerp in de verte bepaald boeide, wiens blikken dreven zonder rust." Op sy vraag: „Wat doen jy?" is die openhartige antwoord: „Ek kyk oor die see!" „Hij ziet zijne toekomst voor zich," dink Potgieter by homself; „hij wikt wat hij worden zal, zijn strijd begint."

Hierdie boeiende tekening van die jeug geld vir alle tye, oue sowel as nuwe, en sal geld solank soos ons ou wêreld met die jeug geseën sal wees. Dit geld vir die A.N.S., wat ontstaan het as die reaksie en die antwoord van ons jeug op die liberalistiese NUSAS; die A.N.S. wat, met die oë op die verskiet gevestig, gewik het wat hy sou word toe sy stryd begin het en verlede jaar met sy Vryheidsmanifes doelbewus begin werk het vir 'n nuwe orde in Suid-Afrika.

Dit geld ook vir Hans van Rensburg, Ere-President van hierdie jeugdige beweging. As 'n Afrikaner wat hom reeds op jeugdige leeftyd in die volkslewe onderskei het, en wie se stryd die stryd geword het van die A.N.S., was hy vanjaar die aangewese man om as Ere-President van die Studentebond gekies te word en is hy reeds, vir hulle wat hom ken, die ideale leier van Jong Suid-Afrika.

Aan die Universiteit van Stellenbosch het Hans van Rensburg én as student (M.A., LL.D.) en as mens 'n uitstekende rekord nagelaat. Pas van die Universiteit, tree hy in die staatsdiens juis in die tyd toe so baie jong Afrikaners op die springvloed van nasionalisme binnekom. Na sy spoedige bevordering in die staatsdiens te oordeel, moet hy wel blyke van meer as gewone aanleg en verdienste gegee het. Na 'n kort dienstyd in die kantoor van die Prokureur-Generaal in Pretoria word hy Regsadviseur van die Regering. In 1930 tot Onder-Sekretaris van Justisie benoem, word hy in 1933 Sekretaris van Justisie en in 1936, op 38-jarige leeftyd, Administrateur van die Vrystaat. Hierdie verantwoordelike betrekking, wat hy op buitengewoon bekwame wyse beklee het, het hy aan die einde van 1940 neergelê toe die roepstem tot hom kom om die hoofleierskap van die Ossewabrandwag te aanvaar.

Intussen het hy ook op militêre gebied besondere prestasies behaal. In 1928 het hy as gewone soldaat by die Pretoria-regiment aangesluit en in enkele jare die rang deurloop om in 1935 tot Kolonel bevorder te word. In September 1939 is hy om begryplike redes op die reserwelys van offisiere geplaas.

Hoewel Hans van Rensburg, netsoos duisende ander volksgenote, sedert sy kinderjare in die heersende gedagtewêreld van die Brits-Joodse liberalisme, kapitalisme en imperialisme opgevoed is, het die roeping tot volksdiens vroeg by hom ontbrand en het sy belangstelling en liefde vanself altyd uitgegaan na Jong Suid-Afrika, waar dit met vryheidsideaal worstel en dit nastreef.

Vandaar sy warme belangstelling en liefde vir die A.N.S., voor wie hy graag optree, veral hier op Stellenbosch; by A.N.S. voel hy hom tuis, „onder sy eie mense"; A.N.S. se Vryheidsmanifes is so reg na sy hart, want soos die seun op die duine kyk A.N.S. ver in die verskiet en is hy nie bang vir die nuwe wêreld en 'n nuwe orde nie.

„Nog 'n kind in die politiek," mag Hans van Rensburg deur manne van daardie beroep verwytend toegevoeg word waar hy die vryheidsideaal van sy volk propageer en die O.B. op die Pad van Suid-Afrika probeer lei. Is sy sonde miskien dat hy nog nooit aan die party-politiek deelgeneem het nie, en hom met geen party nog gekompromitteer het nie?

Wel het Hans van Rensburg hom gekompromitteer met die A.N.S., met die O.B., en met Jong Suid-Afrika. Soos die seun op die duine, kyk hy ver in die verskiet; hy sien sy toekoms voor hom; sy stryd begin!

Luctor et emergo!

(Vervolg van kolom 4)

chauvinistiese isolasie. Die O.B. erken ontwikkeling, lewe.

In die tweede instansie wil ek beweer dat hierdie artikel onbillik is teenoor dr. Malan self. Moenie laat ons onnodig valse verwagtings by dr. Malan opwek nie. Laat ons as intelligente mense besef dat die tydgees teen sulke leiding van dr. Malan is. Laat ons liewer reguit met hom wees, en openhartig verklaar aan hom dat sy leiding uit die ou doos is, sodat hy dit betyds in ooreenstemming met die eise van ons tyd en die behoeftes van ons volk kan bring.

Derdens, meen ek in hierdie artikel 'n negasie van die hele A.N.S.-rigting te sien — en dit nogal in 'n orgaan van die A.N.S. Die leiding van dr. Malan in hierdie angsvolle dae is sekerlik nie in ooreenstemming met die gees van die A.N.S. soos dit spreek uit sy sterk Nasionaal-Sosialistiesgekleurde Vryheidsmanifes nie. Ek reken dus dat die geweldige aanprysing van dr. Malan se leiding in die artikel onder bespreking, enersyds onbillik is teenoor die A.N.S. en andersyds teenoor dr. Malan self.

Baie dankie vir opname.

W. R. Laubscher.

*[Ter verduideliking kan ons net sê dat genoemde artikel oor Dr. Malan geskrywe is op versoek van lede van die A.N.S.-bestuur, en dat die Voorsitter toegestem het dat dit sou geskied as 'n blyk van hulde aan ons politieke leier van die H.N.P. Die artikel is egter nie bedoel as 'n aanduiding dat die plaaslike A.N.S.-tak in die huidige krisis kant gekies het ten koste van die O.B. nie. Nóg die Bestuur nóg die ledevergadering het tot dusver enige mening oor die saak uitgespreek, omdat dit, vir die huidige altans, die standpunt van die A.N.S.-tak is dat die A.N.S. met sy Vryheidsmanifes 'n eie baie positiewe rigting ingeslaan het, en dit veral op grond daarvan nie nou ons taak is om in hierdie krisis ten gunste van een van die bepaalde groepe kant te kies nie.*

Ons kan alleen ons spyt uitspreek dat genoemde inleidingsartikel blykbaar 'n verkeerde indruk geskep het.

*Redakteur, „Die Matie."*]

Die Konservatorium begin al hoe meer onafhanklik van die Universiteit staan. Op die oomblik word daar ge-agiteer vir eie kleure en wapen en dat Konserve-studente alleen die Universiteitswapen sal dra indien hul klasse aan die Universiteit loop.

## KORRESPONDENSIE

### *Artikel oor Dr. Malan*

Geagte Redakteur,

Ek sien in „Die Matie" van 29 Augustus dat daar 'n inleidingsartikel verskyn wat dr. D. F. Malan eer, volle vertroue in hom uitspreek, en 'n vennootskap met hom aangaan. As daardie selfde artikel in die vorm van 'n pamflet deur die H.N.P. versprei is, sou dit my nie verbaas het nie, maar dat dit as **inleidingsartikel** in „Die Matie," mondstuk van die hele Matieland, verskyn, kom my baie vreemd voor.

Vergun my 'n paar woorde oor daardie artikel.

In die eerste instansie dink ek dat dit onbillik is teenoor die studentegemeenskap van Stellenbosch. As daar Maties is wat 'n vennootskap met dr. Malan aangegaan het, dan is daar baie Maties wat dit nie gedoen het nie. En die rede is voor die hand liggend. Ons Maties is verteenwoordigers van die jeug van Suid-Afrika. Ons dra in ons om die lewenskiem van die ewige Afrikanerdom. Ons leef en ontwikkel, ons is nie steriel en stagnant nie. Ons ken die wêreld van ons tyd en ons hou rekening met die eise van ons era. Ons liefde vir ons verlede wek nie by ons 'n konserwatiewe vrees vir ontwikkeling in die hede nie. Ons Maties probeer nie die tyd terughou nie, want ons weet as ons dit probeer doen sal ons maar net ondergaan. En dit skyn vir my juis wat dr. Malan wil doen, en wat hy ons Maties gevra het om saam met hom te doen, en wat soveel van ons weier om saam met hom te doen. dr. Malan wil hê dat ons die Ossewabrandwag die rug moet keer, vanweë sy rigting, en uitsluitlik die party (H.N.P.) moet aanhang. Maar juis hierdie leiding van dr. Malan getuig van hom dat hy 'n ou man is wat nog in ons tyd leef, maar nie van ons tyd is nie.

Solank as wat ons nog leef, onder die tans heersende, maar vinnig vervygaande, ou bedeling, solank het die party 'n funksie en 'n baie belangrike funksie om te vervul. Die party moet nl. die stryd van die Afrikaner waarneem aan die parlementêre of party-politieke front. Maar as hierdie ou bedeling ineenstort en die heersende stelsel van Britse parlementarisme verdwyn, wat moet dan gebeur? Moet die volk dan nog maar steeds sy redding by 'n politieke party gaan soek? Vanselfsprekend, natuurlik nie. Inteendeel, die volk moet hom omgord om die nuwe bedeling, wat berus op volksorganisasie, in te gaan. Daarvoor is die Ossewabrandwag daar. Is dit nie dwaas om die O.B. te wil vaskoppel aan 'n politieke party, wat uit sy aard saam met die ou bedeling moet verdwyn nie? Kan die party tog bly voortbestaan in 'n nuwe bedeling waarin die gemeenskap as organise eenheid in 'n volksorganisasie saamgebind word?

Met die party staan ons temidde van die oue en die uitgediende en kyk ons terug i.p.v. vooruit. Die O.B. aan die ander kant staan in die teken van die geestelike verjonging wat vandag soos 'n nuwe renaissance oor heel die wêreld sprei. Die O.B. is die waarborg van die selfstandigheid en leierskap van die Afrikaner in die nuwe bedeling wat kom, ja, alreeds daar is. Die O.B. is nie 'n vreemdeling in die wêreld van sy tyd nie. Die O.B. trag nie vrugteloos om die tyd terug te hou nie. Die O.B. misken die idee van stagnasie, bereikte finaliteit, 'n afgeronde einde — die hele idee van

(Vervolg in voorgaande kolom)

**Uit die Vryheidsmanifes van die A.N.S.**

5. Die Staat sal berus op Christelik-Nasionale grondslag, maar die beginsel van vryheid van godsdiens word erken.

**Rook Springbok Sigarette.**

# Onder Onsies.

Môreaand hou Harmonie weer een van haar befaamde Sigeuneraande. 'n Uitmuntende program sal aangebied word. Die dames word nie geadverteer nie.

* * *

Woensdagaand saai mej. Lin Albertyn van Rozenhof uit. Sy sal 'n aantal sangsolos lewer.

* * *

Vrydagaand het die Junior se nondansfunksie plaasgevind op Coetzenburg. Met mnr. Theo Pauw en mej. Barlo Retief as eregaste het alles baie goed afgeloop.

* * *

Mej. Marie Loening het haar hartlike dank betuig jeens die persoon wat haar verwittig het dat haar kledingstuk wat sedert geruime tyd verlore gegaan is, veilig in Wilgenhof bewaar word. Na verneem word moet die uitlewering egter nog plaasvind.

* * *

Onder dié wat kort gelede hul mondigwording gevier het is ook mejj. Chrissie Barnard en Mara Smit van Huis-ten-Bosch.

* * *

Die Konservatorium se uitslae was besonder bevredigend hierdie jaar. W. Coetzee, mejj. R. Nel, M. Meyer, E Basson, C. de Klerk en F. Schearts het die Finale Orrel-eksamen, en mejj. M. Starke, K. Warnich en . van Schalkwyk het die Finale Klavier-eksamen met goeie gevolge afgelê.

* * *

„Bolandse Nooitjie" word vanaand in die stadsaal op die planke gebring deur die bekende Afrikaanse toneelspeelster, Wena Naudé.

* * *

Die plaaslike Junior-Verenigdepartytak het verlede week hul verjaarsdag gevier. Dit is werklik 'n geluk dat hierdie jongeling nog leef.

* * *

Uit Huis-de-Villiers kom daar altyd iets nuuts. Nou het mej. U. Smith 'n nuwe rekord geslaan deur verlede week haar vriende op 'n skemerpartytjie te onthaal ter viering van haar verjaarsdag.

* * *

Na berig word heers daar nog steeds 'n toestand van spanning tussen die twee dameskoshuise Harmonie en Monica. Die oorsaak van die stryd is n.l. 'n kat, wat deur Monica sou opgevoed en groot gemaak wees en op wie, met haar kroos, nou deur Harmonie beslag gelê is.

* * *

Op 1 Sept. se monstervergadering het P. A. Theron alleen gestem teen 'n voorstel dat die Munisipaliteit elke student oor die pos van die verkeersreëls moet voorsien. Daarby was hy driekeer op die been „op 'n punt van orde."

* * *

Mnr. Jan Hurter, bekende oud-Matie van George, was in die afgelope paar dae op 'n sakebesoek in die Kaap, en is ook in Stellenbosch by die bekende vakansieoord „TO-IE LOUW" aangetref.

* * *

In sosiale kringe in Suikerbossie is onlangs in die week verneem dat Mej. Frieda Buhr 'n betrekking as onderwyseres in Huishoudkunde aan die Hoërskool van Parow gekry het. Alle geluk, Frieda; ons hoop dit sal jou (en Ina de Wet) beweeg om die redaksie te skiet vir 'n koppie tee in Suikerbossie.

* * *

Prof. Fismer was gedurende die afgelope paar weke in die Kaap i.v.m. die afneem van die Musiekeksamens. Hy het ook na Bloemfontein afgereis om Lisensiaateksamens aldaar af te neem.

* * *

Die oorsese eksamenators wat op die oomblik in die Unie optree, het met besondere lof gepraat van die gehalte van die werk op Stellenbosch en die mening uitgespreek dat dit gelykstaande is met dié van Europa.

# U.S.-Wapen Verwerk.

## Aanbod van Afrikaanse Firma.

'n Noukeurige verwerking van die Universiteitswapen is begin in 1932 deur mnr. M. Kruger van Kaapstad in samewerking met prof. Blommaert wat by daardie tyd al aansienlike navorsing i.v.m. die heraldiese waarde van die universiteit gedoen het. Na die oorlyde van dr. Blommaert het mnr. Kruger die hulp van dr. Wilcocks geniet aan wie die tekenaar baie dank verskuldig is.

Intussen het die verspreiding daarvan oorgegaan in die hande van 'n pasgestigte Afrikaanse firma, nl. Stabilis Agentskappe en Beleggings Maatskappy, wat onderneem het om 'n tantima op die verkoop van die wapens af te staan aan die Universiteit vir die oprigting van die ingenieursfakulteit.

Die wapen in sy huidige vorm is aangeneem deur die Universiteits Raad as die enigste offisiële wapen van die Universiteit. Dit is toe assulks deur die rektor geregistreer by die registrateur van Wapens en Kleure.

Met genoeë kan ons aankondig dat dr. Wilcocks die eerste wapen van hierdie nuwe kopie gekoop het en dat die wapen wat aan dr. Malan by die laaste vergadering aangebied is, 'n geskenk van Stabilis was.

Mnr. Kruger het die alleenreg vir tien jaar vir die verkoop van die nuwe wapen wat deur Stabilis oorgeneem is.

Sien Stabilis se advertensie in „Die Matie."

## MUSIEKVERENIGING

Dinsdagaand, 9 September om 8 uur sal prof. Eric. Grant van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege in die Conservatoriumsaal 'n lesing hou oor klaviermusiek. Hy sal by die geleentheid self 'n paar werke uitvoer, en u word almal vriendelik uitgenooi om dit by te woon.

Die plateprogram vir e.k. Sondagaand sal wees:—

1. Voorspel tot die opera „Die Zauberflöte" — Mozart.
2. Orrelkonsert No. 10 in D kleinterts — Händel.
3. Koorstukke uit Händel se oratorium „Die Messias."
4. Simfonie No. 5 in C kleinterts — Beethoven.

## Bantoestudies

### *Toorgeloof*

Mnr. Johan Louw sal aanstaande Maandagaand — 8 September — om 8 uur in die Sociologieklaskamer voor die Bantoestudiekring praat oor „Toorgeloof van die Bantoe, en wetgewing in verband daarmee."

### *Interdebat met Denneoord*

Die Juniorgroep van die Debatsvereniging sal aanstaande Saterdagaand, 14 Sept. kompeteer met die Debatsvereniging van Denneoord-Opleidingskollege, oor die volgende onderwerp: „Volkseenheid in Suid-Afrika is nie moontlik in die huidige posisie van twee offisiële tale nie." As sprekers sal optree mnre. Gerjo v. d. Merwe en Piet van Niekerk. 'n Interessante botsing word verwag.

### *Ope Debat*

Eerskomende Saterdagaand om 7.30 sal 'n ope vergadering gehou word, en 'n onderwerp van dringend-aktuele belang sal daar bespreek word nl. „Universiteite behoort hul op die huidige tydstip nie uit te spreek t.o.v. kontensieuse sake van politieke aard nie."

Dr. J. C. de Wet is aangestel as professor in Regte nadat die betrekking vakant was vanaf die afsterwe van Dr. Van Zyl Steyn in 1934.

# Gebrekkige Beheer oor Landsuitgawes.

## Verduideliking van Huidige Stelsel deur Dr. Dönges

Voorverlede Maandagaand het dr. Dönges die lede van die Vereniging vir Ekonomie en Handel toegespreek oor die beheer van die landsuitgawes. Hy het daarop gewys dat die kontrole van die Parlement oor staatsuitgawes op twee verskillende stadia uitgeoefen word, nl. eerstens voorafgaande magtiging deur middel van 'n begrotingswet; tweedens latere kontrolering deur middel van die Tesourie; die Ouditeur-Generaal en die gekose komitee op Openbare Rekeninge.

### GEBREKE.

Dr. Dönges het gewag gemaak van die gebreke waaraan hierdie parlementêre beheer mank gaan. Die begroting vir die jaar word nie in één geheel aan die parlement voorgelê nie. In die loop van die jaar word gewoonlik vir bykomstige verwagte uitgawes, en later in die finansiële jaar volg dikwels 'n Addisionele Begroting. Hierdeur word akkurate skattings van uitgawes nie aangemoedig nie. Dikwels word op sekere poste meer spandeer as waartoe magtiging verleen is, en hierdie onwettige uitgawes word dan *ex post facto* gewettig.

### VERSLAE AFGESKEEP.

Daar word verder byna geen aandag in die parlement aan die verslag van die Gekose Komitee op Openbare Rekeninge, en dié van die Ouditeur-generaal geskenk nie. In stryd met die beginsel dat die uitgawes in die begroting onder verskillende poste gedetaileer word, moes die parlement by geleentheid van 'n vorige sitting 'n globale som van oor £28 miljoen onder die pos Verdediging goedkeur.

## Hou Dop:

In ons uitgawe van 19 Sept. a.s. sal 'n belangrike kennisgewing insake Boeresport verskyn.

*'n Groot Besending Boeke van Oorsee het so Pas Aangekom*

*Voorgeskrewe Boeke :*

Fenelon: Railway Economics.
Schaffer: The Psychology of Adjustment.
Rose: Feeding the Family.
Hardy: The Trumpet Major.
Eckersley: England and the English.

*Algemene Boeke :*

Blackies Concise English Dictionary, 6/6.
12 Verskillende Titels in die serie „Short Biographies" 2/- stuk.

KIEKIE ALBUMS, 3/6, 5/- en 6/-.

**C.S.V. - Boekhandel, Stellenbosch.**

PLEINSTRAAT,

**Hendrikz BROERS**

Die Slagters wat Stellenbosch van VLEIS voorsien. ONDERSTEUN HULLE.

Onthou— ANDRINGASTRAAT.

ROUX BROERS (Eiens. Bpk.)

ATLAS-GEBOU, KAAPSTAD.

Volledige Mans- en Damesuitrusturs en Kleremakers.

**HALDENWANG!**

Bak heerlike koek, tert, brood, bolletjies, pasteie en alles wat smaaklik is.

*Besoek ons winkel in* PLEINSTRAAT.

AFRIKANERS

SLUIT AAN BY JULLE EIE

MOTORKLUB

ONGEËWENAARDE VOORTREFLIKHEID, VOORREGTE EN VOORDELE SONDER GELYKE VIR DIE GERINGE BEDRAGGIE VAN £1 JAARGELD.

VOLLE BESONDERHEDE EN AANSOEKVORMS OP AANVRAAG.

*Adres:* GROOTE KERK GEBOU, Adderleystraat, KAAPSTAD.

Foon 2-8866. Posbus 2043.

*Studente!*

Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.

Laat **J. B. COETZEE** u volgende pak klere maak.

AGENT VIR NANNUCCI DROOG SKOONMAKERS.

*Andringastraat.*

**Rook Springbok Sigarette.**

# Op Ons Sportvelde.

## Voetbalspanne seëvier op Groote Schuur

Saterdag het die II B-, III A- en O. 19 A-spanne teen Ikeys gespeel op Groote Schuur onder uiters onplesierige weerstoestande. Nogtans was dit maar weer 'n geval van, Maties Bo!

Die Derdes se spangees, afrigting en beter uitbuiting van die Suidooster was 21—3 te veel vir U.K. se tweedespan. 'n Mens sou dink dat Ikeys al gesout moet wees teen die Kaapse Dokter, maar dit lyk bra baie of hulle nog nie eers aan hom voorgestel is nie, te oordeel na die swak gebruik wat hulle van hom gemaak het. Jan Visagie en Piet van Wyk spog nou nog oor die feit dat hulle saam met Mauritz van den Berg gery het in sy motor na Nuweland na die wedstryd en hoedat hy nie wou toelaat dat hulle vir hom 'n sigaret moet opsteek nie. Skaam julle seuns!

Nic Michau het op bekwame wyse sy span tot 'n 6—3 oorwinning gelei en self die oorwinningspunte daargestel met 'n mooi strafdoel.

Stadler en Ko.,
(Eiens.) Bpk.

DORPSTRAAT.

Die Winkel vir Diens en Kwaliteit — met 'n glimlag.

Kruideniersware—Ysterware
Breekgoed en Skryfbehoefte.

Pyrex en Geslypte Glas.

Agente vir
OLIVER PLOEË.

## *Netbalspanne reken af met Wellington*

Die netbalspanne handhaaf nog steeds hulle reputasie. Voorverlede week het die twede-span met sukses teen die Handelskool opgetree.

Verlede Saterdag was daar 'n hele misverstand toe die eerste- en tweede-spanne teen Wellington moes speel. Die wedstryd sou om negeuur plaasvind, maar Denneoord, teen wie hulle die middag sou speel. het laat weet dat die weer te onaangenaam is en die wedstryd liewer afgestel moet word. Nadat die Maties vir hulle gebel het om te kom, aangesien ons gereed was, het hulle toe om twaalfuur opgedaag. Drie spannie het gespeel en almal die louere weggedra.

Woesdag, 10 September, speel die eerste en tweedespanne teen O.K.P. Ons verwag die ondersteuing van alle belangstellendes, omdat dit seker die belangrikste van die seisoen sal wees aangesien hulle, saam met ons, aanspraak maak op die beker.

## Samespel van Hokkiespan Baan Weg tot Oorwinning

Vir die eerste keer vanjaar het die A-span Saterdag op 'n grasveld ge speel en wel teen Valkenberg. Ons opponente was tuis op hulle eie veld en die Maties moes lelik rondstaan veral George Murray se keerwerk was meesterlik, maar tog kon hulle nie 'n doel verhoed nie. Na 'n kwartier egter het Stellenbosch hulle by omstandighede aangepas en eerlang het Hein Loubser die doelwagter gepypkan, na 'n paar voorspelerstormlope wat vanweë die glyerige en hobbelrige veld misluk het.

Verdere pogings van Valkenberg om hulle te laat geld het misluk by ons agterspelers. 'n Paar het wel die sirkel bereik, maar Jaap Krige het dan die bal na ons voorspelers teruggeskop. Die Maties se same spel het Valkenberg koud gehad en Hey en Van der Westhuizen wat mooi in die middel gespeel het, het elk nog 'n doel voor rustyd aangeteken.

By die hervatting het die spel fluks gevorder en Loubser het nog 'n doel gemaak. Toe egter het dit hard begin reën en die veld was gou baie nat. Douggie Hey wat naby die sirkel geval het, het kop-aan-kop met 'n teenstander gebots toe hy opstaan, sodat albei bly lê het. Valkenberg het 'n harde hou opgevolg en Jaap Krige geflous, maar Van der Westhuizen het met 'n pragtige doel geantwoord om die telling 5—2 te maak. Garlick wat puik hokkie gelewer het, was ongelukkig om nie 'n doel as beloning te verkry nie.

Die II A-spanne van U.K. en U.S. het op Rondebosch in die modder gespook en elk tweekeer die doel binnegedobber. Die I B-wedstryd het nie plaasgepind nie.

## Maties Presteer op die Mat

In hulle wedstryd teen die Leër op Maandagaand, het die Stellenboschers getoon tot watter hoogte die stoeisport alhier gevorder het, deur drie wedstryde teenoor ses van die Leër te wen en twee gelykop te stoei.

Verskeie van die Kaapse Stoeikenners was aangenaam verras — en verskeie van die opponerende stoeiers lelik ontnugter — met ons ons vertoning teen 'n span wat een Suid-Afrikaanse en drie provinsiale kampioene ingesluit het. Temeer daar daar net teen twee van ons kêrels valle aangeteken is en die ander naelskraap op punte verloor het.

F. Niemand moes weens 'n oogbesering die geveg staak, maar het getoon dat 'n Kalahari-boer hom deur geen kampioen laat afskrik nie. A. C. Greeff, J. L. Jordaan en A van der Merwe was, met drie uitstekende vertonings teen meer ervare stoeiers verantwoordelik vir ons oorwinnings. Van der Merwe het die verrassing van die aand gelewer deur in twee rondtes met sy meer ervare opponent klaar te speel.

J. A. Nel en A. C. van Niekerk het presteer deur gelykop te stoei teen vooraanstaande matmanne terwyl J. Brand en C. de Beer ook pragtig gestoei het. Laasgenoemde het naelskraap verloor teen die huidige W.P. kampioen wat nog op die koop toe, 10 pond swaarder is as hy.

## *Konservatoriumdans*

Die jaarlikse dans van die Konservatorium-studente sal die 19e September in die Banketsaal gehou word. Name van diegene wat wil deelneem moet by mej. E. Basson van Greylock ingehandig word. Die kaartjies sal ongeveer 10/- kos.

## *Dramatiese Vereniging*

Die Dramatiese Vereniging het groot planne vir aanstaande kwartaal. 'n Aand gaan gereël word wanneer mej. Hanekom „Die Laaste Aaand" van Leipoldt en mnr. Johnman 'n eenbedryf „Paradise Anew" van James Birdie opvoer.

'n Moontlikheid bestaan dat die Vereniging reëlings sal tref om die opvoering van „Sestien" van Philip en Aimée Stuart, wat deur Leonie Pienaar vanaf die 18e September in Kaapstad op die planke gebring word, te besoek.

# Matie-Sportmanne.

## KLAAS N. W. DU BOIS, H.P.O.D., B.A.

Nicolaas het al 'n instelling, of is dit nou 'n tradisie, geword op Stellenbosch. Geen wonder nie, want hy is mos al 'n veertiende-jaar. As hy eers Stellenbosch verlaat het, sal hy seker 'n legendariese figuur word.

Hoe dit ook al sy ,hy kom na die Eikestad in 1929 en begin sy voetbal-loopbaan en eerbare rol as skrumskakel aan die Hoërskool hier ter plaatse. In 1935 begin hy sy akademiese loopbaan en speel reeds in 1938 vir die eerstespan as heelagter. Hy was blykbaar die spaarwiel van die klub, want dis eers vanaf vanjaar dat hy gereeld vir die eerstespan diens doen en wel agter die oond.

Verder speel hy al die afgelope vier jaar eerstespan krieket en was verlede seisoen onderkaptein van die klub. So af en toe swaai hy ook 'n tennisraket. Daar kan boekdele geskryf word oor die dag toe hy as vanger opgetree het vir die krieketklub in hulle wedstryd teen die Bofbalklub. Is jou regterhand nog seer Klaas?

Hy speel voetbal hoofsaaklik vir die bande van vriendskap wat daaruit ontstaan en stel temperament en selfvertroue as van die grootste vereistes vir 'n voetbalspeler.

Offisieel is hy ingeskrywe as 'n M.A.-student aan die Universiteit, maar dit nou daar gelaat.

Jan Pienaar en hy is stellig Stellenbosch se onmoontlike tweeling. G'n wonder dus die snaakste gesig wat hy kan herinner is Jan wat 'n merk gevang het in 'n lynstaan nie. Ongeërg is sy voornaam. Toe hy eendag 'n Robertson-speler krok, trap hy met vooruit-gestote bors rond met die woord, „Dis my werk Perde."

Hy beweer dat die ses Maties wat teen die Verdedigingspan opgetree het, alleen gespeel het sodat die wedstryd geen propagandistiese waarde sal hê nie. Verder is 'n aanvallende span beter as 'n verdedigende span, want laasgenoemde het 'n neerlaag gely op die Tuisfront.

Hy wys daarop dat sy vriend, Pienaar, wel vir W.P. voetbal speel. Hy verklaar dit deur spelling. Die W.P.-hakker se naam, naamlik, word deur die gewone mens Duvenage gespel. Akademies is dit Vos en in sy eie spelling, Pienaar.

## *Boks-Intervarsity.*

Die jaarlikse Intervarsity vind op 10 September om 8 n.m. in die plaaslike stadsaal plaas. Sewe gewegte en een vertoongeveg gereël. Toegang sal wees 1s. en 2s. Die volgende boksers sal U.S. verteenwoordig:

Swaargewig: Jan de Kock.
Ligswaar: H. G. van Wyk.
Middel: C. Heunis (kaptein).
Welter: S. Coetzee.
Lig: M. van Tonder.
Veer: M. de Kock.
Bantam: C. J. Boet Louw.

ONDERSTEUN
DIE ALOMBEKENDE FIRMA
R. MÜLLER
Eerste vir:
KLAVIERE, DRAADLOOSTOESTELLE EN ALLE ANDER SOORTE MUSIEK-INSTRUMENTE.
Grootste voorraad MUSIEKBOEKE EN MUSIKALE BENODIGDHEDE.
Kwaliteit skep Tevredenheid — Tevredenheid — Reputasie.
Spesiale afdeling vir beste WAPENS EN PATRONE.
R. MÜLLER (Eiens.) Bpk.
PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH.

BOU NIE U HUIS OP SAND NIE. . . .
Wanneer u u toekomsplanne beraam sal u noukeurig te werk gaan.
Lewensversekering is ongetwyfeld die veiligste en gerieflikste middel om voorsiening te maak vir geldelike sekuriteit vir uself en u familie op u ou-dag, of vir u afhanklikes wanneer u te sterwe kom.
Kapitaal oortref £35,000,000.
verseker by
„Die Ou Mutual"
I. J. KRYNAUW,
Agent, . . . . Pleinstraat.

DIE
PÊRELSE
STOOMWASSERY
Kom laat die Firma wat die beste dienste lewer u ook bedien.
Eienaar: Mnr. W. Marsh.